

Jona
Gestuur
om te
Preek
Louis Nel

# Jona

## Gestuur om te Preek

### Oordenkinge oor Jona

**Louis Nel**

**September 2024**

Mosbolletjie
Boeke
www.dagstukkie.co.za

# Inhoud


0 Voorwoord

1 Gehoorsaamheid en Genade

2 ‘n Nagmerrie Opdrag

3 Verkeerde Besluite

4 Die Storm

5 Dáárdie Vis

6 'n Tweede Kans

7 Die Lang Pad na Nineve

8 Jona se Bekeringspreek

9 Nineve Kom Tot Inkeer

10 In Gesprek Met God

0

# Voorwoord

Jona is een van die “omstrede” Bybelboeke. Dikwels het mense probleme met die feit dat Jona deur 'n vis ingesluk is, en dat hy vir 'n volle drie dae daar in die vis se ingewande oorleef het. Só 'n wonderwerk is tog sékerlik onmoontlik?

En dan is daar die probleem om die verhaal in die geskiedenis te plaas. Daar is net soveel dinge wat nie sin maak nie!

Dan kom die vraag, in die lig van die feite hier bo, of hierdie dan ooit 'n ware verhaal is? Is dit nie dalk maar net 'n storie nie?

Persoonlik glo ek dat die verhaal die waarheid is. Maar dit is nie waaroor dit in die boek Jona gaan nie. Eintlik gaan dit, net soos in die geval van baie ander Bybelboeke, nie oor die geskiedenis nie, maar oor die boodskap wat die Heilige Gees vir ons as gelowiges deur hierdie verhaal wil oordra.

En die boodskap in Jona is helder en duidelik! So, kom ons lees hierdie kort boek

met 'n oop gemoed en kry daaruit die wonderlike boodskap wat vandag vir elke gelowige uiters relevant is.

Louis Nel

# 1

# Gehoorsaamheid en Genade

# Inleiding tot Jona

**VIDEO | OUDIO**

In Matteus 28 lees ons waar Jesus op die berg staan en dan gee Hy sy dissipels een laaste opdrag voordat Hy in die hemel opgeneem word: "Gaan dan en maak dissipels van al die nasies......" Volgens Handelinge 1:8 sou hulle ál die nodige krag vir daardie opdrag ontvang wanneer die Heilige Gees oor hulle kom en hulle sou Sy getuies regoor die wêreld wees. Soos ons weet ís die Heilige Gees dan ook uitgestort op Pinksterdag en vandag vul Hy steeds elke gelowige met Sy krag sodat ons óók Sy groot opdrag kan uitvoer. Daardie opdrag geld vir gelowiges dwarsdeur die eeue en ons het dus géén verskoning om nie hieraan gehoorsaam te wees nie!

Inderdaad is die opdrag wat die Here aan elkeen van ons persoonlik gee verskillend en die Heilige Gees rus ons op verskillende

maniere toe om ons taak te kan uitvoer. Al wat Hy van ons vra is gehoorsaamheid.

Baie lank gelede was daar 'n man met die naam Jona. Hy het ook 'n opdrag van die Here gekry. Hy het al die nodige toerusting gehad om daardie opdrag uit te voer want hy was 'n opgeleide profeet en hy het beskik oor ál die nodige kennis vir sy taak. Daar was egter 'n probleempie want hy moes die Here se boodskap gaan oordra aan sy vyande! Vir Jona was hierdie moeilike opdrag dalk 'n bietjie dik vir 'n daalder!

In my kinderdae het die verhaal van Jona my verbeelding aangegryp! Vandag het dit sékerlik nog steeds dieselfde effek op kinders en selfs vir meeste grootmense is dit 'n fassinerende verhaal!  Maar dalk lees ons gewoonlik die verhaal deur die verkeerde bril. Sien, dit gaan nie oor die man wat deur die vis ingesluk is nie maar eerder oor Jona se ongehoorsaamheid wat so byna-byna op 'n groot ramp uitgeloop het vir ‘n hele stad se inwoners. Op die koop toe het dit óók ampertjies veroorsaak dat 'n skip met sy hele bemanning die donker dieptes ingestuur was!

God se groot liefde, geduld en genade was egter baie groter as Jona se ongehoorsaamheid, nie alleen teenoor die goddelose stad wat Hy tot ander insigte wou lei nie maar ook teenoor 'n onwillige, ongehoorsame wegloop-profeet!

Dis baie maklik vir ons vandag om vinger te wys na Jona en hom uit te kryt as daardie profeet wat vir God wou weghardloop. Maar dan moet ek en jy dalk baie fyn luister of ons nie dalk sélf ‘n Jona is nie - ‘n Jona wat ook besig is om van God se opdragte weg te hardloop. Verder moet ons dalk óók saam met Jona aan die einde van die boek antwoord op God se vraag, of ons nie dalk nes Jona van ouds probeer om God te beperk binne die grense van ons eie belange of gedagtes nie?

Daar is vandag baie kwelvrae oor die boek Jona. Histories maak Jona nie baie sin nie. As ons kyk na taalkundige en ander aspekte, wil dit amper voorkom asof die boek baie lank ná die verwoesting van die stad Nineve eers ontstaan het. In 2 Konings 14:25 word daar wél verwys na Jona tydens die regering

van Jerobiam II, maar Nineve was op daardie stadium nog maar redelik klein en in die boek Jona word daar gepraat van ‘n baie gróót stad. Nineve was op daardie stadium ook nie die hoofstad van Assirië nie en die koning waarna hier verwys word kon dus nie ‘n ware koning gewees het nie. Daar is dus beslis vrae oor die geskiedenisfeite.

Maar dit is nie al nie - baie mense het probleme met wonderwerke waarvan ons lees in die boek. Daar is al sommer baie gestry oor daardie vis wat Jona ingesluk het. “Dis mos totaal onmoontlik, is dit nie?” En wat van die wonderplant wat sommer so oornag opgekom het?

Die vraag is dus of die boek Jona ‘n ware verhaal of ‘n gelykenis of dalk sommer 'n storie is? Ek gaan beslis nie ‘n antwoord waag nie om die eenvoudige rede dat ons net eenvoudig nie die antwoord daarop hét nie! Hierdie is een van die talle geheimenisse in die Bybel. Die feit is egter dat dit nie saak maak nie! Ek en jy hoef nie ons koppe daaroor te breek nie want die boodskap wat die Heilige Gees ons uit hierdie boek wil gee,

is absoluut kosbaar! As ons dit die dag regkry om verby die probleme en “teenstrydighede” in die Bybel te kyk en eerder die ware boodskap van die Bybel raaksien, dan is ons op die regte pad. As jy jou kop breek oor “teenstrydighede” in die Bybel, is jy besig om die ganse boodskap van die Bybel te mis!

In die boek Jona leer ons van God se beskikking. Jona is die verhaal van ‘n profeet wat God wou beperk om by sy eie idees te pas, net soos ons dikwels vandag doen. Teenoor Jona sien ons die heidene wat God se vrymag erken en doen wat Hy van hulle vra. Is dit nie ironies nie? God wys ook vir Jona dat Hy beskik oor alles - selfs ‘n vis en ‘n wonderplant! God is in beheer oor alles en almal, selfs die natuur.

Die groot waarheid wat egter in die verhaal uitstaan is God se liefde en oneindige genade en die feit dat absoluut niemand uitgesluit word uit Sy genade nie. Ons durf dus nie God se genade selfsugtig net aan onsself as gelowiges toeëien nie. God wil dat Sy genade en liefde oor die ganse wêreld spoel, ook oor ongelowiges. Maar Hy wil

gewone mense gebruik om daardie doel te bereik - mense wat gewillig is om te luister en God se opdrag uit te voer. Hy soek mense soos ek en jy en as ons gewillig is gee Hy ons sy Heilige Gees om Sy taak uit te voer!

**Gebed:**

Here, maak my asseblief gewillig om die opdragte uit te voer wat U vir my gee. Keer my asseblief as ek wil weghardloop!

2

# ‘n Nagmerrie Opdrag

## Jona 1:1-2

**VIDEO | OUDIO**

Die profeet glimlag in sy welige baard. Hy is dolgelukkig want wat kan dan nou lekkerder wees op aarde as om 'n profeet te wees in Israel, die beloofde land wat God Almagtig aan hom en sy voorvaders gegee het. Hy geniet sy werk as profeet terdeë en daar is niks wat hom soveel genot verskaf as om mense te leer van die groot dade van God nie. Vandag het daar weer 'n groep jong manne aan sy lippe gehang toe hy hulle vertel het van die groot geloofsheld Abraham. Toe die Here hom die opdrag gegee het om op te pak en te vertrek na 'n wildvreemde land, het Abraham alles nét so gelos en met sy vrou Sara die onbekende ingetrek. Dis darem vir jou geloof! En gehóórsaamheid!

Jona neurie saggies 'n loflied wat die groot koning Dawid geskryf het en die blydskap borrel uit sy hart. Hy is tevrede want hy het

God se opdrag om as profeet op te tree suksesvol uitgevoer. Dan word Jona skielik bewus van 'n stem iewers hier diep in sy binneste: “Jona seun van Amittai, Ek het vir jou 'n groot taak.”

Jona gaan skoon aan die bewe van pure opgewondenheid. “God het 'n spesiale taak vir my, Jona!” borrel dit in hom.

“Jona, Ek stuur jou na die groot stad Nineve om daar vir die inwoners te gaan preek. Ek wil hê dat jy die mense aanspreek, want Ek weet hoe sleg die stad is.”

Jona raak lam in sy knieë – het hy reg gehoor? “Moet ek vir daardie klomp goddelose heidene gaan preek, Here? U kan seker nie ernstig wees nie! Hulle is mos nie kinders van Abraham nie? Hulle is nie deel van die volk van God nie!”

Natgesweet van angs en spanning rol Jona daardie nag in sy bed rond - slaap bly hom ontwyk en hy is uitgeput tot in die diepste dieptes van sy siel. “Ag, as alles tog maar net ‘n verskriklike droom, ‘n nare nagmerrie was ....” wens hy. Hy staar na die plafon met

stokstywe oë wat voel asof hulle met sand bestrooi is. “Hoe kan God dit van my vra?” wonder hy gebelgd, “dis só bitter onregverdig!”

“Here, ek is ‘n Israeliet, Here!” kerm hy en warm trane begin sommer opwel en oor sy wange stroom. “Ek is ‘n Israeliet wat ál die gebooie en reinheidswette stiptelik nakom - hoe kan U van my verwag om vir ‘n spul vuil, onrein heidene te gaan preek? En wat moet ek vir hulle sê? Niemand gaan vir my luister nie! Hulle gaan ‘n bespotting van my maak! En boonop is dit húlle wat ons ou volkie so verinneweer! Hulle is dan ons vyande Here! Is daar nie dalk iemand anders wat kan gaan preek vir hulle nie?”

Die vreugde wat Jona die vorige dag nog beleef het, het soos mis voor die son verdwyn. In die plek daarvan is daar bitterheid en verwyte teenoor God wat hom nou op 'n “onmoontlike” sending wil stuur.

Oor die volgende paar weke spandeer Jona baie tyd in sy binnekamer, maar dit is nie lofprysings en ‘n soeke na die wil van God

waarmee hy hom besig hou nie. Inteendeel, hy spandeer die tyd om met God te probeer redeneer. “Here, U het Sélf gesê dat hierdie spul so verskriklik sleg is. Hoekom kan U nie maar met hulle maak soos Sodom en Gomorra nie?” Jona is bitter: “Al wat goed genoeg is vir daardie heidene, is God se oordeel!” sê hy vir homself. “Boonop gaan hulle my mos stenig as ek God se oordeel oor hulle uitspreek! Dis gevaarlike werk!"

En dan neem Jona 'n besluit: “Ek kan net eenvoudig nie hierdie opdrag uitvoer nie! God is onregverdig....... ek gaan weg na waar God nie 'n aanspraak op my lewe het nie.”

Ek het al sélf opdragte van die Here gekry waar ek gevoel het om te maak soos Jona, want dit het gelyk asof daar 'n soliede muur voor my kom staan het. Ek het gedink dat ek dit nooit óóit sou regkry nie. Daar móés net eenvoudig iemand anders wees wat dit beter kon uitvoer as ek?

So kry ek 'n paar jaar gelede die taak om Saterdae vir 'n groepie Zoeloe huiswerkers 'n

boodskap te lewer. My kennis van die Zoeloe-taal is beroerd en alhoewel my Engels darem nie té vrot is nie, is dit iets totáál anders om in Engels te preek en te bid.

Ek het naarstigtelik begin soek na iemand anders! Maar diegene wat wél die nodige vaardighede gehad het, was reeds elders besig. En so word ek weereens in die diepkant ingegooi en die ander skree: “Swem Jannie, swem!”

Ek het egter nie rekening gehou met die Heilige Gees nie en die oomblik toe ek myself gewillig verklaar om die werk te doen, gee Hy my ál die krag, wysheid én Engelse woorde wat ek nodig gehad het. Boonop maak die Here dit vir my één gróót lekkerte, want die mense hang aan my lippe en hulle is dors vir elke stukkie van die Evangelie wat ek vir hulle deurgee. Hulle gesigte straal, hulle sing uit hulle harte uit en hulle meelewing is iets om te aanskou! En dit maak dat ek my álles gee!

Vandag kan ek nie wág dat dit Saterdag moet word sodat ons met die Zoeloe-gelowiges

kan bymekaarkom nie. Dit is vir my een van die gróót hoogtepunte elke week!

Vanoggend wil ek jou aanmoedig: moenie huiwer as die Here vir jou 'n opdrag gee nie, al klink dit dalk onmoontlik. As jy gewillig is sal Hy beslis in alles voorsien.

**Gebed:**

Here, maak my asseblief gewillig om die opdragte wat U my gee met ‘n blye hart uit te voer en versterk asseblief my vertroue in U, die Almagtige!

# 3

# Verkeerde Besluite

## Jona 1:3

**VIDEO | OUDIO**

Ongemerk begin Jona om die Here uit sy nagtelike gesprek uit te sluit, totdat hy naderhand nét met homself gesels. Van slaap is daar géén sprake nie, want hierdie ding van Nineve oorheers nie net sy gedagtes nie maar sy hele lewe. Hy kry sommer weer koue rillings by die blote gedagte aan die naam van die verskriklike stad. En so gaan dit nág vir nag......

Nineve lê aan die uiteindes van die wêreld - so byna sewehonderd kilometer van sy huis af. Dit is die hoofstad van die magtige Assiriese ryk wat op die oomblik die ganse wêreld oorheers en dis 'n volle maand se reis te voet! Dis boonop gevaarlike wêreld daardie en hy wil nou nie staan en sy lewe én sy loopbaan as profeet in gevaar stel en dit net oor ‘n spul heidene nie!

Van pure uitputting raak Jona uiteindelik aan

die slaap, maar nagmerries teister hom. Hy droom van onrein heidene wat hom uitlag as hy probeer preek. Hy droom van miljoene der miljoene mense wat nie wil luister na sy ernstige boodskap nie en hulle maak ‘n bespotting van hom! Hy skrik wakker met sy hart wat dreig om uit sy borskas te spring. Dan wéét hy skielik wat hy gaan doen!

Haastig pak Jona sy nodigste besittings in ‘n sak en hy stap af na die hawestad Joppe toe. “Ek sal daar ‘n skip kry wat my ver, baie ver weg sal neem!” Brom-brom slof hy die stowwerige pad af see toe aan.

By die hawe aangekom lê daar reeds ‘n skip wat byna gereed staan om te vertrek. “Waarheen gaan julle?” wil hy weet.

“Tarsis”, antwoord ‘n matroos hom skor. Jona gril vir die vuil vent, maar hy knyp maar oë toe.

“Waar is hierdie Tarsis?” Die matroos is nie lus vir gesels nie en hy beduie weswaarts. Jona kan aflei dat dit bitter ver moet wees, maklik driekeer so ver as wat Nineve na die teenoorgestelde kant is.

“Dit sal my soos ‘n handskoen pas!” dink Jona hardop. Hy betaal sy reisgeld en gaan maak hom tuis onder in die skip se ruim tussen 'n klomp sakke koring waar niemand hom sal raaksien nie - veral nie God nie! Wanneer die skip teen dagbreek die volgende oggend die hawe verlaat, sak daar ‘n groot vrede oor Jona toe. “Vry, ek is vry!” Sy hart bokspring eintlik van pure opwinding!

Jona se optrede is onbegryplik: Hy, die gerespekteerde profeet wat die almagtige God dien, dink hy kan van God af wegvlug! Onverstaanbaar! Vandag wil ons vir Jona lag, want ons wéét mos dat jy nie vir God kan wegvlug nie. Maar dalk sal ons sy optrede beter verstaan as ons kyk na die algemene opvatting oor gode in daardie tyd. Elke land of streek het sy eie god of gode gehad en daardie god was gebonde aan die spesifieke streek. As jy dus daardie gebied verlaat het, dan het daardie god geen houvas meer op jou gehad nie, want hy het mos agtergebly! Dalk het Jona dieselfde gedink van die Here? Ons sal nie weet nie, maar ons kan maar net raai......

Eintlik is dit egter vandag ook nie so ‘n rare verskynsel nie. Is dit nie maar wat ek en jy dikwels ook probeer doen nie? Ons bely allerhande mooi dinge oor God, soos dat Sy liefde en genade oor ons so onmeetbaar groot is. Verder bely ons van Sy almag en dat Hy oor alles heers, selfs ook oor die Goddelose. En ons bely van God se alomteenwoordigheid, dat Hy absoluut oral gelyk is, ook binne-in ons as gelowiges deur die Heilige Gees!

Ongelukig tree ons egter op asof hierdie dinge nie waar is nie. Ons sê een ding maar leef ‘n ander ding. Dit maak ons ongeloofwaardig en Jona word die simbool van ons eie tekortkominge.

Ons bevind ons dikwels op plekke waar ons nie vir God saam met ons wil hê nie, plekke soos dobbelhuise of dronkneste of dalk selfs erger. Hoe bitterlik bedroef ons nie maar dikwels die Heilige Gees wanneer ons baie lekker “kuier” saam met mense wat nie vir God ken nie. Op sigself is daar niks mee verkeerd nie – Jesus het dit ook gedoen. Dit raak egter 'n probleem wanneer ons onsself

laat intrek in gesprekke wat nie die waardes respekteer wat in die Bybel vir ons as riglyn gegee word nie. Dink ons dan een enkele oomblik daaraan dat ons die Heilige Gees in ons het en dat ons Hom ook by hierdie gesprek betrek?

God het vir Jona 'n wonderlike geleentheid geskep om daar in die goddelose vreemde die Here se wonderlike Naam te gaan verheerlik. Maar vir Jona word hierdie einste geleentheid nou 'n verleentheid. God skep net so vir ons ook dikwels wonderlike geleenthede, maar ons verskonings en ongehoorsaamheid maak hierdie geleenthede dikwels vir ons ‘n verleentheid. Wanneer sal ons leer om God op sy Woord te neem? Wanneer sal ons eendag leer om God ten volle te vertrou? Ook in die dinge wat vir ons as 'n Mount Everest voorkom?

Onthou, ons kan nie vir God weghardloop of wegkruip nie. Van Adam se tyd af sien ons dit, toe hy vir God probeer wegkruip het in die tuin.

**Gebed:**

Here, maak my asseblief elke oomblik van die dag bewus van U heilige teenwoordigheid!

# 4

# Die Storm

## Jona 1:4-16

**VIDEO | OUDIO**

As Jona gedink het dat die opdrag wat die Here hom gegee het, om vir Nineve te gaan preek, baie erg was, dan het hy nog niks beleef nie. Dit wat vir hom voorlê op sy reis na Tarsis is ‘n menéér van ‘n nagmerrie wat sy opdrag na ‘n ou vulletjie sal laat lyk. Maar hiervan weet Jona gelukkig niks.

As profeet is Jona maar altyd in die kollig want inderdaad behels sy werk dat hy daagliks met mense kommunikeer. Maar noudat hy op hierdie skip geklim het wat hom weg van God af sal neem, onttrek hy hom totaal van alle mense en hy gaan lê en slaap onder in die skip se ruim, dáár waar niemand hom sal kry nie. Niemand sal hom híér pla nie!

Jona se hart bons opgewonde as hy agterkom dat die skip besig is om te vertrek. Daar is ‘n stewige bries van agter - hoe

gouer hulle hier wegkom hoe beter! Die matrose is egter nie baie gelukkig nie, daar is iets ongemaklik wat krap! Hier is iets baie snaaks aan die wind, iets waarop hulle net nie die vinger kan lê nie. 'n Dag gaan verby en die kaptein is in sy noppies dat hulle so vinnig vorder. Maar dan begin die wind al sterker en sterker word en die skippie word rondgeskommel deur die golwe wat al hoe hoër en hoër aanstorm. Dit is nie lank nie voordat dit 'n opregte storm word! Hierdie manne is almal storms op die see gewoond, maar hierdie een is baie anders as wat hulle nog óóit beleef het. Daar is iets bitter onheilspellend in die lug. Vrees gryp hulle aan die harte en hulle begin paniekbevange raak. Baie gou begin hulle besef dat hierdie nie 'n gewone storm is nie, hier is beslis iets bonatuurlik betrokke! "Dis die gode wat ons wil teister!" waag een matroos dit. Almal raak doodsbenoud: "Ja, dit is niks anders nie!" beaam almal. "Kom ons bid tot ons gode!" stel een voor en met groot gekerm en weeklaag val hulle soos een man neer om te bid, terwyl hulle moet vasklou om lewe en

dood om nie van die dek afgespoel te word deur die woeste golwe nie!

Die kaptein beveel dat die vrag oorboord gegooi word om die skip ligter te maak, dalk kan dit hulle red van ‘n sékere watergraf. Tonne kosbare voorrade word in die see gegooi maar tevergeefs, niks help nie! Met elke reuse golf wat die skip tref, kreun en kraak dit asof sy enige oomblik uitmekaar gaan bars in ‘n duisend splinters. Moedverlore klim die kaptein onder in die ruim in om vir ‘n oomblik weg te kom van die geweld. Hy kan sy oë nie glo nie want onder in die donker ruim tref hy ‘n man aan wat lê en snork soos hy slaap dwarsdeur hierdie verwoestende storm deur. “Wat is dit met jou dat jy lê en slaap?!” verskreeu hy vir Jona. “Komaan, gaan bid tot jou God! Ons is besig om te vergaan!”

Beneweld van die slaap strompel Jona op na die dek. Wat hy daar aantref laat hom yskoud word. Onmiddellik besef Jona dat dit God se werk is en dat hy, Jona die oorsaak is. As die manne lootjies trek oor wie die oorsaak van die storm is, is dit dan ook vir Jona géén

verrassing dat die lot op hom val nie.

Alle oë is op hom en Jona moet baie hard sluk om te kan bieg dat hierdie storm gekom het as gevolg van hom, Jona die Hebreër. En dan kom hy met die hele sak patats na vore en vertel van sy opdrag en hoedat hy van God probeer wegvlug. “Gooi my in die see!” sluit Jona sy relaas af, “dan sal die storm bedaar!”

Die manne besluit egter dat hulle eerder wil kyk of hulle nie na veiligheid kan roei nie. Alles is egter vergeefs en einde ten laaste gryp hulle vir Jona en slinger hom die geweld van die golwe in.

Oombliklik is daar ‘n windstilte en die woeste see bedaar. Vrees gryp die manne aan die hart want sowat het hulle nog nóóit beleef nie! “Ons moet aan hierdie God van Jona offer!” waag een dit. Hulle voeg sommer dadelik die daad by die woord. “Hierdie God is almagtig en só anders as al die ander gode!”

Jona het iets reggekry, selfs in sy ongehoorsaamheid, iets wat niemand anders

kon regkry nie. Sy dwase optrede het ‘n spul swetsende, wilde matrose na God gelei. Die wonder is boonop dat hy nie eers 'n enkele woord vir hulle gepreek het nie!

Ons verkeer dikwels onder die wanindruk dat die enigste manier om iemand na Jesus te lei, is om vir hom te gaan preek en dan laat dit jou keel toetrek en jou hart wild bons en jy hardloop weg. Deur dít wat jy doen en hoe jy lewe, preek jy dikwels baie harder vir mense. Jare gelede het die maatskappy waarvoor ek gewerk het ‘n wilde kantoorpartytjie beplan. Die uitnodigingsbriefie was uiters vulgêr en smaakloos. Ek het egter niks gesê nie maar my gesig het seker boekdele gespreek. Later kom een van die direkteure (sélf ‘n wilde vent!) en vra my groot om verskoning vir die briefie. My lewe as toegewyde jong Christen het die boodskap uitgedra wat hom skuldig laat voel het sonder dat ek nodig gehad het om ‘n woord te sê. Nie baie lank daarna nie het daardie selfde direkteur tot bekering gekom en 'n toegewyde gelowige geword.

“Woorde wek maar voorbeelde trek”, lui die ou spreekwoord en dit is só waar. So byna-

byna het Jona selfs daardie klein stukkie getuienis van hom oorboord gegooi, maar God het ingegryp. Moenie dat jou getuienislewe vir die visse gegooi word nie (by wyse van spreke). Lééf elke dag jou getuienis uit want jou lewe spreek baie, baie harder as jou woorde!

**Gebed:**

Here, help my asseblief om elke dag só te leef dat ander Jesus in my kan sien. Maak asseblief my lewe ‘n preek tot eer van U wonderlike Naam!

5

# Dáárdie Vis

## Jona 2:1-10

**VIDEO | OUDIO**

“Dis die einde!” dink Jona wanhopig terwyl die matrose hom in die geweld van die woeste golwe inslinger, “maar ten minste is ek nou verlos van daardie verskriklike opdrag van God!” Met ‘n skok wat deur sy liggaam ruk, tref hy die ysige water. Om kop bo water te probeer hou in hierdie geweld is ‘n onbegonne taak en Jona veg verbete teen die aanslae van die gulsige see. Maar dit help niks want hy het in elkgeval nooit leer swem nie! Brander na brander slaan oor hom totdat hy uiteindelik moedeloos soos ‘n klip in die onheilspellende donker diepte van die watergraf insink. Hy sidder as hy bevoel en bevat word deur seegras. Dit draai om sy lyf, sy arms, sy kop en hy raak hopeloos verstrengel in hierdie warboel. Jona se longe wil bars. Daar is net eenvoudig nie meer asem in hom nie! “Here, red my asseblief, ek kan nie meer nie!” Paniekerig probeer hy

hom loswikkel uit die tentakels van die seegras, maar dis hopeloos. Nou het hy wáárlik neergedaal na die onderwêreld waar die bose magte bly! Alles is verby, verby .......

Skielik maak ‘n reuse bek voor hom oop. Jona voel hoedat die ongedierte hom lewendig opvreet! Dan voel hy hoedat hy rondgerol word in ‘n sagte, slymerige holte. Dan is die water ook weg en Jona trek al stikkend en hoesend sy longe vol.

Aaaaasem!

Wat ‘n wonderlike gawe! Iets stink verskriklik, soos ..... vis? Met ‘n skok besef Jona dat hy deur ‘n reuse vis “gevang” is. Dis pik-pik-donker hier binne. Jona voel rondom hom. Die ruimte is maar bitter klein en daar êrens voel hy die reuse skerp tande van die vis. Hy sidder. “Hoe het ek in hierdie gemors beland?” wonder Jona. “Al wat ek nou kan doen is om te wag dat ek maar doodgaan. Is ek nie dalk al klaar dood nie? Ek het immers afgedaal in die doderyk!” Die stank van vis is onhoudbaar, maar stadigaan raak Jona dit gewoond.

Minute gaan verby en minute word ure - ure van wag en wonder. “Dis deur my eie toedoen dat ek hier beland het”, dink Jona hardop. “Hoe kon ek vir een oomblik dink dat ek vir God, die almagtige, alomteenwoordige God kan weghardloop?”

Dan onthou Jona, toe hy hulpeloos verstrengel in die seegras, sonder asem tot God gebid het, dat God hom op die regte oomblik gered het. “In my nood het ek tot God geroep”, begin Jona saggies sing, “en Hy het my gebed verhoor.” Spontaan kom die woorde en die wysie van hierdie splinternuwe psalm oor die lippe van ‘n dankbare Jona. “Diep in die doderyk het ek hulp gevra en U, Here, het my gehoor!” Dis asof ‘n reuse gewig van Jona se skouers afgly terwyl die borrelende lied oor sy lippe vloei!

Die ure word ‘n dag en die dag twee dae - ‘n lang tyd wat Jona niks anders kan doen as om te dink nie. In sy geestesoog sien hy homself weer in die donker dieptes van die “oervloed” insak, af na die doderyk toe - daardie reuse massa water waarop die aarde dryf. Al vastigheid wat in hierdie “oervloed”

gevind kan word is die fondamente van die berge, wat soos ‘n boom se wortels deur die aardkors groei tot heel onder in die “oervloed.” Jona sidder: “Ek was daar! Here my God,” prewel Jona opreg, “vergewe my, ek was so verskriklik verkeerd! Ek het só groot teen U gesondig. Ek wil só graag weer na U heilige tempel gaan en aan U ‘n offer bring, Here. Ek belowe dat ek my gelofte aan U sal nakom! Alleen U kan my help.”

Die derde dag breek aan en Jona se loflied wat hy twee dae gelede begin komponeer het word nou borrelende klanke wat Jona uit volle bors sing: “Here, my God, U het my uit die dood gered!” jubel Jona opreg, “Terwyl ek ‘n loflied sing, wil ek aan U ‘n offer bring; wat ek beloof het sal ek doen. Hulp kom net van die Here af!”

Die volgende oomblik sien Jona lig. Die vis se bek gaan oop soos ‘n reuse hek wat oplig en hy spoeg vir Jona in die branders uit. Jona spoel uit op die strand - sagte wit sand. Van pure blydskap huil hy, en sy vreugde kan nie verberg word nie. “Ek is gered, ek is gered!” Oor en oor borrel die jubelklanke oor

sy lippe.

Ek dink elkeen van ons was al in ‘n Jona-situasie waar ons gevoel het asof daar nêrens énige uitkoms is nie! Het jy ook al gevoel asof dit nou die einde van jou wêreld is? Dan gaan sit jy maar moedeloos op ‘n hopie en bejammer jouself. Of jy probeer dalk desperaat om jouself uit hierdie gemors los te wikkel maar hoe harder jy probeer, hoe meer raak jy verstrengel!

Kom ons leer vanoggend van Jona, wat homself in sy gemors ingewerk het. Eers toe hy tot stilstand geruk was, het Jona besef dat God nog ál die tyd daar was, selfs toe hy van God probeer weghardloop het! Dinge het vir Jona begin regkom toe hy die muur wat hy tussen hom en God probeer bou het, afgebreek het en lofliedere begin sing het. Gee jou probleme vir die Here - Hy kan hulle hanteer. Sing lofliedere tot eer van Hom - jubel in die Here. Maak soos Habakuk (Hab. 3:17-19) en sê: “Al sou alles in die lewe verkeerd loop - nogtans sal ek in die Here jubel!” Dit is die wonderlikste terapie! Om te kerm en weeklaag, vererger net jou situasie

maar om te jubel ten spyte van jou probleme, lig jou gemoed en siel op en terselfdertyd bring dit jou nader aan God!

**Gebed:**

Here, ek jubel en juig vanoggend in U, my Redder en Verlosser. Al my probleme lê ek in U hande!

## 6

## 'n Tweede Kans

## Jona 3:1-4

**VIDEO | OUDIO**

Het jy al 'n tweede kans in die lewe gekry nadat jy lelik verbrou het? Natúúrlik! Ek het al verskeie gekry! En Jona?

Wanneer Jona op die strand uitspoel, is hy 'n baie dankbare mens. Hy het ook sý tweede kans in die lewe gekry. Eintlik moes hy na regte dood gewees het, maar deur 'n groot wonderwerk het God sy lewe gespaar. Hy het steeds vir Jona 'n taak gehad.

In die Bybelverhaal word die detail weggelaat, want dit is nie belangrik hoe Jona weer by die huis gekom het nie. Maar as ek my verbeelding gebruik, dan sien ek 'n bedremmelde man met stukkende klere wat stink na vis, op 'n strand iewers aan die kus van Noord Afrika. Hy begin al strandlangs aanstap in die algemene rigting van Joppe. Deur sy kop maal die gebeure van die afgelope paar dae. Hy kan nie begryp

waarom God hom na alles nog stééds genadig was nie. “Wat het ek gedoen om dit te verdien? Waarom het Hy my gered? Ek is dit nie waardig nie!”

Uiteindelik na baie dae se stap waarin hy hope tyd gehad het om met God te worstel, te gesels en te huil in boetedoening, kom Jona weer by sy huis aan.

In  Jona 3:1,2 lees ons die enkele woorde: “Die woord van die Here het ‘n tweede keer tot Jona gekom: ‘Maak klaar, gaan na die groot stad Nineve toe en spreek hom aan met die boodskap wat Ek jou sal gee.’”

Jona het die nag op sy bed gelê toe hy baie duidelik die stem van die Here hoor, presies net soos die keer voor hy probeer vlug het. Hy het dit so half-en-half verwag, maar eintlik het hy nie rêrag gedink dat die Here hom weer sou vertrou met so 'n opdrag nie!

Hierdie slag is Jona egter gehoorsaam. Nie baie gewillig nie, maar ten minste doen hy wat God vra!

Halfhartig begin Jona sy goedjies inpak. Hy

moet maar raap en skraap want alles wat hy op sy vorige reis saamgeneem het, het in die storm vergaan. “Here, ek dink nog steeds dat ek nie die regte persoon is om hierdie taak aan te pak nie,” protesteer Jona, “ek doen die hele ding onder protes!”

En só, met 'n lang gesig val Jona in die pad, rigting noord-oos na die groot stad Nineve, die hoofstad van goddeloosheid. Elke paar moeisame treë wat Jona gee, sug hy swaar......

“Here, U is onregverdig!” kerm Jona.

“Het ek jou nie uit die kloue van die dood gered nie, Jona?”

“Ja, Here, maar......”

“Jona, is jy dan nie dankbaar oor jou redding nie?”

“Ja Here, natúúrlik is ek dankbaar.......”

“Is dit dan te veel gevra om 'n eenvoudige taak vir My te doen? Daarmee sê jy eintlik vir My dankie.”

“Maar Here, ek gaan mos nou soos U gevra

het.”

“Ja Jona, maar waarom so halfhartig, so onder protes?”

Dit is moontlik die gesprek wat gevoer is tussen Jona en die Here op pad na Nineve. Ons weet nie wat alles gesê is nie, maar ek kan maar net raai......

Die Here het vir elkeen van ons, soos vir Jona, alreeds 'n tweede of derde of dalk honderdste kans gegee. Die vraag is: Wat maak ons daarmee?

Kom ons begin by die begin. Ek en jy is alreeds 'n tweede kans op lewe gegun die dag toe die Here in ons lewe gekom het. Toe ek, na die hóéveelste uitnodiging van Jesus aan my om deel te word van God se familie, uiteindelik die uitnodiging aanvaar het, het Hy my gered van 'n sékere dood. En nie sommer maar net die gewone dood nie, maar die ewige verderf saam met die duiwel en al sy grusame trawante!

Soos ons almal weet het hierdie tweede kans nie goedkoop gekom nie. Jesus het 'n baie

duur prys hiervoor betaal. Hy moes van die eerste dag af vernedering-op-vernedering verduur. Dit het gekos dat Hy, die Allerheiligste, Koning van die Heelal moes neerdaal tot op die vlak van die sondige mens en gebore word in 'n vuil stal omdat niemand vir Hom plek gehad het nie. Na 'n lewe van dertig jaar waarin Hy talle male verwerp, beledig en selfs met die duiwel vergelyk is, moes Hy die grusame kruisdood sterf. Dit het gepaard gegaan met 'n onmenslike liggaamlike sowel as geestelike marteling!

As iemand jou so duur red, sal jy dan nie dankie sê nie?

'n Lewe van dankbaarheid behels véél meer as net 'n lofprysing tydens 'n Erediens. Dit behels baie meer as net Bybel lees, kerk bywoon, aan 'n selgroep behoort en bid. 'n Dankbaarheidslewe beteken gehoorsaamheid aan God – ongekwalifiseerde gehoorsaamheid!

Maar gehoorsaamheid met 'n swaar sug en 'n lang gesig is eintlik nie veel werd nie. Ware

gehoorsaamheid beteken om te doen wat die Here van my vra met groot entoesiasme en saam daarmee blydskap. Habakuk het gesê: “......nogtans sal ek jubel in die Here!” (al gaan dit ook hóé moeilik). En Paulus beklemtoon borrelende blydskap dwarsdeur al jou swaarkry in sy brief aan die Filippense.

**Gebed:**

Here, leer my ware gehoorsaamheid en saam daarmee 'n borrelende blydskap in U, my Here en Redder!

7

# Die Lang Pad na Nineve

# Jona 3:1-4

**VIDEO | OUDIO**

Dit is ‘n baie, baie lang vermoeiende reis na Nineve. Ure word dae en dae word weke en uiteindelik 'n volle maand deur die woesteny. 'n Maand waarin hy alleen saam met die Here is met niks en niemand om te pla nie. Maar Jona benut nie hierdie wonderlike geleentheid nie, want hy doen hierdie ding slegs uit pligsbesef.

Uiteindelik sien Jona in die verte op die horison die stadsmure in die hittegolwe ronddans. Dit is seker die mooiste prentjie wat die uitgeputte Jona nog óóit gesien het - waarlik ‘n oase in die dorre woestyn! Pynlik stadig kruip die stad al nader en nader, maar hoe nader hy aan die stad kom, hoe meer begin Jona se senuwees hom opkeil. “Wat gaan ek vir die mense sê? Hoe preek ‘n mens in elkgeval vir goddelose heidene?" Jona se maag trek op 'n pynlike knop by die

blote gedagte daaraan!

En dan hoor Jona weer daardie nou al bekende stem binne in hom: “*Jona, Ek het mos gesê dat Ek Sélf die woorde vir jou sal gee*”. Jona se maag slaan 'n slag bollemakiesie. Sy senuwees is aan flarde. Die onverbiddelike mure van Nineve doem voor hom op. In sy verbeelding sien hy al die goddelose heidene waar hulle krepeer in dronkenskap, brassery en sedelose losbandigheid. Jona sidder by die blote gedagte!

Jona bewe van pure angs as hy die laaste paar honderd treë aflê na die duiselingwekkende klipmure wat reik tot aan die soom van die hemel. Hy verwag om gestuit te word deur ondeurdringbare stadspoorte, maar tot sy groot verbasing staan die hekke wawyd oop. En boonop nooi vriendelike mense hom binne om deel te kom hê aan hulle wonderlike stad.

Baie versigtig sluip Jona Nineve binne. Hy loer gedurig oor sy skouer om seker te maak dat iemand hom nie dalk agtervolg nie. Agter

elke pilaar verwag hy 'n sluipmoordenaar of 'n rower. Maar oral waar hy kyk is stalletjies en winkeltjies en handelaars wat soebat dat hy na hulle ware moet kom kyk. Goud en silwer blink op elke tafel en die mees verruklike juweliersware word uitgestal. Jona maak of hy hulle nie sien nie en stap net aan. Hy verkyk hom aan alles. Tussen al die mooi deur merk hy goue afgodsbeeldjies en dit ruk hom terug na die werklikheid. Dit laat hom besef waaroor hy éintlik hier is. Hy moet God se oordeel oor die stad kom uitspreek!

Dit begin laat word en Jona soek slaapplek. Hy loer by ‘n herberg in. Binne is daar ‘n uitbundige gelag en geskerts en tussen alles deur merk hy so terloops 'n paar halfnaakte meisies wat die gaste vermaak met hulle wriemelende lywe. Die drankwalms wat swaar in die herberg hang laat Jona naar voel. Hy gril vir die goddeloosheid en dan draai hy haastig om. “In hierdie hool kan ek mos nie vannag slaap nie!”

Jona draai haastig om en vlug weg van die plek af. Hy kan nie vinnig genoeg by die stadspoorte kom nie en eers wanneer die

stad al 'n paar honderd treë agter sy rug is, gaan staan Jona en kyk kopskuddend terug na Nineve. Baie ver buitekant die stadsmure gaan skrop Jona vir hom 'n slaapplekkie teen ‘n skurwe boomstam, terwyl die gloeiende son agter die horison verdwyn.

Die nag gooi sy donker kombers oor Nineve. Jona verwonder hom aan die miljoene sterre wat skitter in ‘n hemelruim. Hy het dit al soveel keer gesien maar elke keer laat dit hom in verwondering. Onwillekeurig begin Jona die wysie neurie van die pragtige Psalm van die groot koning Dawid: “Wanneer ek na U hemelruim kyk, die werke van U vingers, die maan en die sterre wat U gevestig het – wat is die mens dan dat U hom in gedagte hou, 'n mensekind dat U aan hom aandag skenk?”

“Ja, Jona,” prewel hy vir homself, “soveel sterre as wat jy vanaand sien, soveel mense is daar sékerlik in hierdie groot stad!” Sy oë dwaal oor die vlaktes. Oral waar hy kyk sien hy die liggies flikker van vuurtjies en lampies in die gehuggies van die mense wat oor 'n wye gebied buitekant die stad bly. Hierdie

mense is natuurlik álmal deel van Nineve.

Jona begin sommetjies maak oor hoe groot hierdie stad dan nou éintlik is. “Dit sal ten minste drie dae neem om deur hierdie verskriklike groot stadsgebied te stap!” Hy sidder! “En wat gaan ek vir hulle sê?” In sy geestesoog sien hy al hoe die mense hom uitlag, bespot, uitjou! Daardie nag maak Jona nie ‘n oog toe nie. Hy rol rond en bekommer hom siek oor sy preek. "Niemand gaan óóit na my luister nie! Niemand gaan hulle steur aan my preek nie!"

Dit het my al sóveel keer oorgekom dat ek my dodelik siek bekommer oor wat ek gaan sê by die een of ander geleentheid. En wanneer die oomblik van waarheid aanbreek, dan is ek verstom as die woorde oor my lippe vloei. En wanneer jy die meeste teenstand van iemand verwag, dan is hy eintlik 'n oop boek vir jou en totaal ontvanklik!

Die groot geheim is om nie te bekommer en sélf die ding te wil doen nie maar om dit oor te laat aan die Heilige Gees. As die Here my na iemand stuur, sal Hy deur my praat. Ek

moet maar net gewillig wees, dis ál wat Hy vra. Alles kom eintlik neer op volle vertroue in Hom.

**Gebed:**

Here, leer my asseblief om U ten volle te vertrou in alles, ook wanneer U my stuur en om alles slegs aan U oor te laat!

# 8

# Jona se Bekeringspreek

# Jona 3:1-4

**VIDEO | OUDIO**

Dit was 'n bitter lang nag. Jona het byna nie 'n oog toegemaak nie. Heelnag lank het hy lê en rondrol en hom morsdood bekommer oor sy preek van die volgende oggend. 'n Klip het hom knaend iewers in die sy bly kasty en hy kon nét nie van die ding ontslae raak nie.

Vir sy volksgenote kan hy baie goed preek want hulle word almal mos al van kleins af die Skrifwaarhede ingedril. Vir hulle borduur jy mos net 'n preek rondom die dinge wat hulle alreeds ken. Maar vir heidene? Hulle weet dan nie eers wie God is nie! Wat sê jy vir hulle? Hoe verduidelik jy van Abraham en Moses en die wondere van die uittog? Jona het nie die vaagste idee waar om te begin om sy preek voor te berei nie!

As die son uiteindelik oor die stowwerige vlaktes van Nineve uitkruip, bid Jona wanhopig: "Here, ek weet rêrag nie wat om

vir hierdie heidene te preek nie!”

“Waarom bekommer jy jou, Jona?” hoor die bekommerde profeet weereens binne in hom daardie sagte fluistering, “Ek het mos vir jou gesê dat Ek vir jou die boodskap sal gee.”

“Ja Here, maar wat móét ek vir hulle sê?”

“Sê vir hulle: Oor veertig dae gaan Ek Nineve verwoes oor die mense se goddeloosheid! Dis al wat jy hoef te sê, Jona! Is dit dan so moeilik?”

Die son is skaars op of Jona stap met bewende knieë die stad binne. Hy kyk nie links of regs nie maar hy stap reguit na die markplein, waar hy wéét dat hy 'n klomp mense gaan kry. Daar tref hy ‘n gewoel en ‘n geklets en gekekkel aan wat skrik vir niks! Elke smous wil sy eie ware adverteer en die een skree harder as die ander, so erg dat Jona skaars sy eie stem kan hoor!

Dan knyp hy sy oë styf toe en skree uit volle bors: "**Nog net veertig dae en Nineve word verwoes!**”

Hy staal hom vir die bulderende gelag en

bespotting wat sal volg. Maar dit gebeur nie. Daar sak net ‘n doodse stilte om hom neer. Jona kry hoendervleis! Half verbouereerd herhaal Jona die boodskap, net vir ingeval daar iemand iewers is wat dit nie gehoor het nie: "God die Almagtige het gesê: Nog net veertig dae en Nineve word verwoes!”

Een vir een verdwyn die mense in doodse stilte van die markplein af weg.

Jona kan sy oë nie glo nie! Hy stap verder en dan merk hy 'n klompie manne wat vrolik sit en gesels in die vroeë oggendsonnetjie. Jona gaan staan by hulle en die manne se oë draai vraend na die vreemdeling. “Ek het 'n boodskap aan julle van die God van die Hebreërs: Nog net veertig dae en Nineve word verwoes!”

Die manne word wit in die gesig van skrik. Een-vir-een staan hulle op en verdwyn in stilte.

Hy tref 'n groepie vroue aan met waterkanne op hulle koppe, op pad na die put, kekkelend en skertsend soos net vroue kan wees. “Mag ek dit waag om die boodskap vir vrouens te

gee?” wonder Jona. Op die ingewing van die oomblik gaan staan hy reg in hulle pad en kondig aan: “Die Almagtige God het gesê: Nog net veertig dae dan word Nineve verwoes!”

Verskrik spat die vroue uitmekaar en verdwyn in die nou stegies!

By elke mark en hool en vergadering wat Jona kom, preek hy sy eenvoudige enkel-sin preek en oral is die reaksie presies dieselfde. Jona kan dit net eenvoudig nie verstaan nie. Wat is hier aan die gang? Uiteindelik strompel hy doodmoeg teen skemeraand by die stadspoorte uit. Hy kry ‘n paar skaapwagtertjies en dan preek hy sy laaste preek vir die dag: “Nineve word oor veertig dae verwoes!” Die seuntjies hardloop al huilende huistoe om die verskriklike nuus vir pappa te gaan vertel. Uitgeput gaan sit Jona teen sy skurwe boomstam en dan raak hy sommer dadelik aan die slaap.

Die Here het nie van Jona groot wysheid of indrukwekkende woorde of ingewikkelde redenasies gevra toe Hy die profeet gestuur

het nie. Die ooreenvoudige boodskappie wat Jona oorgedra het, het verstommende gevolge gehad. Sien, dit was nie Jona se woorde nie, maar die Heilige Gees wat in mense se harte gewerk het!

Wanneer die Here my en jou stuur, vra Hy ook nie ons mooi redenasies nie maar slegs dat ons na Hom sal luister en Sy eenvoudige boodskap sal oordra. Die boodskap wat Jona moes gee was kort en kragtig. Die boodskap wat ek en jy het vir die wêreld daar buite is nét so kort en kragtig: Die wêreld is besig om te vergaan in sonde. Geloof in Jesus Christus is die enigste uitweg tot redding. Só eenvoudig is hierdie boodskap. Die probleem is dat ons die boodskap te ingewikkeld wil maak en dink dat ons kan verbeter op God se Meesterlike plan. Alles klink net té eenvoudig! Ons wil probeer om allerhande fieterjasies by te voeg sodat ons boodskap darem geloofbaar kan klink. Dit is dán wanneer ons alles opmors.

Bly by God se "Spelplan" - Hy sal Sélf die res afhandel. Hy sal op die regte tyd en plek en manier deur die Heilige Gees in mense se

harte werk en hulle oortuig.

**Gebed:**

Here, leer my om gehoorsaam te wees aan U opdragte en om dit uit te voer presies soos U dit beveel!

9

# Nineve Kom Tot Inkeer

## Jona 3:5-10

**VIDEO | OUDIO**

Vir ‘n volle dag lank het Jona Nineve se strate stofgetrap en gepreek dat die biesies bewe. Daardie nag slaap hy soos ‘n klip en voor die mossies nog begin hoes op die stowwerige vlakte is Jona alweer uit die vere om verder te gaan preek. Hy begin dit nou sommer geniet! Nie alleen is dit God se opdrag wat hy uitvoer nie maar hy het nog nóóit in al sy jare van bediening so ‘n maklike preek gehad om te preek nie! Boonop luister die mense na hom! Dit wil selfs vir hom voorkom of daar 'n positiewe reaksie is! Dis mos nou lekker! Nog nie ‘n enkele persoon het hom eers ‘n afjak gegee nie! Bo dit alles is dit ook nie soos daar in sy eie land, waar die Skrifgeleerdes hom gedurig probeer vastrek met allerhande ingewikkelde redenasies en elke ou dingetjie wat hy sê probeer bevraagteken nie. Soms maak daardie geleerde manne hom sommer lam

met al hulle onnodige getwis oor eenvoudige dinge in die Woord. Maar híérdie heidene is anders! Hulle is so eenvoudig en ongekompliseerd, hy hou amper van hulle!

Met ‘n huppel in sy stap kom Jona die stad binne. Hy stap reguit mark toe, maar alles is leeg - nie ‘n siel in sig nie! Die strate is verlate. Die enkele mense wat hy teëkom lyk asof hulle die oordeelsdag tegemoet gaan want almal het rouklere aan. Sou ‘n baie belangrike persoon dalk dood wees? Dalk die koning? "Wat is aan die gang?" wil hy nog vir een van die inwoners vra, maar dan besin hy homself, want skielik onthou Jona dat hy mos 'n Israeliet is, en hulle is onrein heidene. Dan verneem hy tóg so tussendeur dat die ganse stad in beroering is oor die oordeel wat God oor hulle gevel het. Iemand sê vir Jona: "Gaan kyk maar, selfs die koning sit op die ashoop en kerm!”

Jona kan nie glo wat hy sien nie. Is dít dan die uitwerking van sy eenvoudige preek? Iemand vra vir Jona: “Hoekom het jý nie rouklere aan nie? Weet jy dan nie van die koning se bevel nie? Almal moet rou oor

hulle sondes en niemand mag iets eet nie, selfs nie eers die diere nie! En wat meer is, almal moet ernstig tot God bid en vra dat Hy tog hierdie oordeel sal heroorweeg!”

Jona is verslae: “Maar hierdie mense is dan héidene! Héi-de-ne!!!! Heidene kan mos nie vir God aanbid nie! Wie weet: netnou kom hulle dalk rêrag tot bekering ook! Dit sal ‘n RAMP wees!”

Skielik is Jona skoon sy preeklus kwyt. Boonop voel hy moeg en uitgeput en dit voel vir hom asof hy ‘n totale mislukking is. Sleepvoet stap hy uit die stad uit sonder om eers een keer om te kyk, sommer so in die veld in. ‘n Entjie uit die stad uit gewaar hy ‘n klipkoppie en doelloos klim hy tussen die rotse deur tot heel bo. Hy besluit dat hy maar daar sal gaan sit en wag vir God se oordeel om die stad te tref. Van die koppie af het hy ‘n goeie uitsig op die stad om alles daar onder dop te hou. “Hoe lank kan hierdie sogenaamde vroomheid in elkgeval tog hou? Iets moet die een of ander tyd gebeur!” Maar in die stad gaan absoluut niks aan nie. Nie ‘n mens in sig nie. Almal rou.

En Jona wag......

Dan hoor hy hierdie vreemde influistering diep in sy binneste: “Jona, Ek het besluit om die oordeel oor hierdie stad terug te trek."

Jona val byna van sy klip af! Hy snak na sy asem: “Maar Here, U kan mos nie! Het ek dan verniet hierdie verskriklike tog aangepak, net om te hoor dat U nie meer die stad gaan verwoes nie? Het ek dan verniet vir 'n volle dag lank my hart staan en uitpreek om die oordeel oor hulle aan te kondig? Here, U moet weet dat ek bitter hard gewerk het en U kan my mos nie nou só in die steek laat nie! Hoe kán U dit aan my doen, Here? Hierdie mense is heidene! Here, hulle is nie kinders van Abraham nie! Hulle verdien nie om te bly leef nie! Hulle is mos nie U volk nie!”

Ons moet baie goed onthou dat God se vergifnis en genade nie beperk is tot “goeie” mense nie. Sy genade is vir almal en veral vir diegene wat totaal verlore is. Ons lag vandag baie maklik vir Jona want hoe kon hy so onnosel gewees het om nie die Here se besluit te wou aanvaar nie? Kon hy dan nie

insien dat heidene ook tot ander insigte kon kom nie en dat hulle nie ook onder God se genade is nie?

Ja, maar ons vergeet dat ons dikwels maar presies doen wat ou Jona gedoen het. Hoe dikwels is ek en jy nie ook maar bitter skepties wanneer iemand waarvan ons dit nie verwag nie tot bekering kom! Ek het al wonderlike verhale gehoor van geharde misdadigers, selfs gewetenlose moordenaars wat daar in die tronk tot ander insigte gekom het. Wanneer jy egter hoor dat so ‘n persoon ‘n omkeer in sy lewe gemaak het nadat hy Jesus in sy lewe gekry het, dan twyfel jy baie sterk of dit eg kan wees en die stigma van misdaad bly aan hom kleef. Die ergste is egter dat jy nie die kêrel kan vergewe vir die gruwelike ding wat hy aangevang het nie. Is ons dan nie presies dieselfde as Jona nie? Of dalk selfs erger?

Jesus het gesê dat ons sewentig maal sewe keer moet vergewe. Hy het ook gesê dat ons nie alleen ons medegelowiges moet liefhê nie, maar ook ons vyande. Dis nie maklik nie! Ek en jy skiet bitter ver te kort om waarlik

God se liefde uit te leef. Bid die Heilige Gees om vir jou ware liefde in jou hart te gee.

Gebed:

Here, ek beskuldig so maklik vir Jona, maar ekself is erger as hy. Vergewe my Here en vul my met U wonderbare liefde!

## 10

# In Gesprek Met God

## Jona 4:1-11

**VIDEO | OUDIO**

Jona is baie bitter. Hy is kwaad vir God. Hy is kwaad vir die Nineviete. Hy is kwaad vir homself. Hy sal maar op die koppie sit en wag! God se oordeel móét net eenvoudig daardie goddelose stad tref. Kyk hoe sondig was hulle – hy het dit tog immers met sy eie twee oë aanskou! "Ek het my hele lewe lank ‘n skoon, rein lewe geleef, buiten miskien vir daardie een enkele keer wat ek gestruikel het en vir die Here probeer wegkruip het. Ek is eintlik die een wat ly! Kyk net al die ontberinge wat ek moes deurmaak vir hierdie addergebroedsel! Ek wat kry ek daarvoor? Nee wat, ek sal maar wag!"

En Jona wag!

Die woestynson brand genadeloos op Jona neer waar hy op sy koppie sit en dink. “Ja, God weet mos alles! God het mos geweet dat die stad tot bekering sou kom. Hoekom

het Hy my in die eerste plek dan hierheen gestuur? Dit was mos onnodig! Ek het dit van die begin af geweet, dís waarom dat ek Tarsis toe wou vlug!"

En Jona wag......

Die skroeiende son raak ondraaglik. Hy bou vir hom ‘n skermpie van bossies en droë takke, maar dit help maar min. "Ag ek wens dat ek liewer kan sterf! Ek het géén rede meer oor om te leef nie!” Jona sug verdrietiglik en baie swaar.

Genadiglik kom die nag.

Die volgende oggend as Jona wakker word, sien hy iets baie eienaardig. Deur die nag het daar op die dorre klipkoppie ‘n rankplantjie langs sy takskermpie opgekom. “Hoe ís dit moontlik?” Tot sy groot verbasing moet Jona toekyk hoedat die plant voor sy oë begin groei. Dit rank en rank, totdat sy hele takskermpie toegerank is.  Sówat het Jona nog nóóit in sy lewe gesien nie!

As die son daardie dag alles rondom hom verskroei, sit  Jona dolgelukkig in sy heerlike

koel skuiling, kompleet met lugreëling en al! Enige oomblik nou moet die oordeel hierdie stad tref! Maar steeds gebeur dit nie en wanneer die son die aand agter die horison verdwyn, staan Nineve steeds ongeskonde in haar volle glorie!

Die volgende oggend tref ‘n verskriklike ramp vir Jona. Toe hy die simpele groen wurm raaksien, was dit reeds te laat. Die groen gedrog het aan sy lowergroen rankplant staan en kou! Op 'n kritieke plek, nét bo die grond het dit die stammetjie morsaf gevreet. Skaars het die dag begin breek of sy wonderplant begin klaar verlep.

Om sake te vererger steek ‘n skroeiende oostewind op. Dis nie lank nie of die rankplant is geskiedenis – slegs 'n paar ou verskrompelde, droë blaartjies. Die wind word al sterker en warmer, en Jona hyg na asem. “Here, hoe kon U dit aan my doen? Hoekom het U my rankplant doodgemaak? Ek wil tóg maar liewer sterf!”

Dan praat die Here hard en reguit met Jona: “*Al waaroor jy jou bekommer is die*

*eenvoudige rankplant. Jona, jy is kwaad dat Ek dit doodgemaak het, maar oor ‘n honderd en twintig duisend onskuldige mense in hierdie stad voel jy niks! Wou jy werklik hê dat Ek hulle moes vernietig?*”

En daar, op daardie dramatiese noot, eindig die verhaal van Jona in die Bybel met 'n onbeantwoorde vraag wat dramaties in die lug bly hang......

Het Jona óóit tot ander insigte gekom? Ons weet nie. Sy verhaal is egter opgeteken sodat ek en jy dit vandag kan hoor en daaruit kan leer. So hard en duidelik as wat God daardie dag met Jona gepraat het, so hard en duidelik praat Hy vandag met my en jou.

In Jona se gesprek met God het dit baie duidelik geword waarom hy éintlik kwaad was: hy wou nie gehad het dat die heidense volk gered word nie. Jona het gerieflikheidshalwe vergeet dat God sy ongehoorsaamheid en sonde vergewe het en hom ‘n tweede kans gegee het. Vir ons is dit net logies dat hy bly sou wees dat Nineve ook ‘n tweede kans gekry het. Maar Jona

was bitter eng in sy beskouing oor hierdie saak want hy was ‘n Israeliet, deel van God se uitverkore volk wat God net vir hulleself toegeëien het. Jona is meer begaan oor sy eie reputasie as dié van God!

Die vraag is of ons nie óók maar dikwels in presies dieselfde bootjie is nie? God se harde woorde aan Jona praat vandag ook baie hard met ons. Dit is gemik teen ons selfsug en ons pogings om God se almag net vir onsself toe te eien. Ons vergeet baie gou van God se groot genade oor ons en hoe ons onverdiend gered is uit die verdoemenis. Die feit is dat géén mens en géén kerk die alleenreg op God het nie. Geen denominasie het voorkeur bo ‘n ander nie. God se koninkryk strek baie, baie verder as ons eie klein wêreldjie, selfs oor hulle wat van Hom verskil, Hom haat en Sy vyande is.

Die einde van die boek Jona is oop! Dit is asof die verhaal elke leser nooi om sy eie verhaal hierin te lees en sy eie antwoord in te voeg. Elkeen van ons kan ‘n Jona wees - iemand wat skuil agter sy eie opvattings, tradisies, vooroordele, eksklusiewe

godsdienstige uitkyk. Die vraag is: hoe reageer ek en jy?

**Gebed:**

Here, aan die einde van die boek Jona staan ek skuldig voor U, want nes Jona wil ek dikwels selfsugtig wees in my denke oor U. Bevry my asseblief daarvan en gee my ‘n oop gemoed!

As hierdie boek vir jou van waarde was, oorweeg dan asseblief 'n donasie deur hierdie ZAPPER QR kode te gebruik.

Deel van die donasie gaan vir Bybelverspreiding.

MOSBOLLETJIE BOEKE